



Diagram op uitvoulblad

RUS VIR JOU VOETE

Ons aantreklike ontwerp vir 'n voetstoeltjie met geborduurde slingerblomme is ongeveer 30 cm in deursnee en die diagram toon die volledige middelstuk en 'n deel van die rankrand. Die werk word met tentsteek geborduur en 2-draad-kroelgare word gebruik

BENODIGDHEDE: 2-draad-kroelwol, Appleton's of DMC, 1 string elk fletspienk, ligpienk, pienk, donkerpienk, grasgroen, geelgroen, grysbruin, bruin en roomwit; 3 stringe wynrooi vir agtergrond; 'n stuk borduurgaas van 46 x 46 cm met 14 drade per vierkante cm; bypassende tapisserienaald (nr. 22).

MATE: Die voltooide voetstoel is ongeveer 30 cm in deursnee.

AANWYSINGS: Kap die buiterand van die borduurgaas met skuins rygsteke om, om te voorkom dat dit uitrafel wanneer die lappie gehanteer word; daar is ook 'n soort plakband beskikbaar wat dieselfde doel dien.

Vou die borduurgaas oorlangs en in die breedte in die helfte om die middelpunt te

bepaal. Laat 'n rand van 5 cm breed aan al vier die kante ongewerk.

Steek 3 drade gare in naald en maak 'n knopie aan ander kant.

Borduur tentsteek soos op klein diagram gesien kan word.

Voltooi 'n deel in één bepaalde kleur voor met 'n volgende kleur begin word.

Werk die laaste stukkies van elke borduurdraad aan agterkant weg deur dit onder 'n paar pas gemaakte steke deur te stop.

Tentsteek is 'n soort steek wat 'n baie sterk oppervlak oplewer en is dus besonder geskik vir 'n voetbankie of gewone stoelsitplek.

Begin die eerste ry bo-aan regterrand en borduur elke ry steke van regs na links. Wan-

neer die einde van 'n ry bereik is word die borduurgaas onderstebo gedraai en dan word weer van regs na links gewerk; sorg dat die steke in presies dieselfde rigting lê as die vorige ry.

Let daarop dat die naald onder twee vertikale (skering-) drade van die borduurgaas deurgesteek word.

